KAMMANUUS

Nommer 343 14 Januarie 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Op seil na groot naarheid op die Groot Dam

Welaan, vriende! So met die tewaterlating van die splinternuwe jaar met die gelukkig nommer dertien, is ek en Kamermaatjie hopelik al êrens op die water van die Middellandse See en ek oor my ergste seesiek.

Gedurende die feestye moes 'n paar van ons hedendaagse waterdraers en houthakkers steeds bly arbei hier in die land van die lapkoppe.

Nou is dit ons beurt om so bietjie te skuur. Ons vaart van agtien dae op die Queen Mary, neem ons op die eerste been van sy wêreldreis. Ons seil van Southampton in Bleekbeenland, via Gibraltar na Barcelona vir ons eerste stop.

Dan aan na Athene, waarna ons verder vaar na Port Said en deur die Suezkanaal tot in die Rooi See. Langs die Egiptiese kus stop ons ook by Sokna en Safaga. Op die laaste dag kom klim ons af vir 'n toertjie deur Doebai om daarna net oor die draad te spring terug Katar toe. Hierdie einste boot doen ook later aan daar in Duskantland by Slaapstad. Dis so teen middel April nadat hy so ver as Hong Kong en Australië gaan draai het

Julle moet my tog asseblief alle heil en sterkte toewens, want ek onthou nog so duidelik en pynlik die enigste twee ander kere wat ek op die die see was. Elke slag het ek net visse gevoer en gevrees ek gaan dood. Net om later te wens ek gaan liewer dood. Dan fase drie, wanneer jy bang is jy gaan nie dood nie. Dodelik siek terwyl terwyl die ander manne heerlik visvang sonder eers 'n sweempie simpatie. Die eerste keer was ek as elfjarige naby Waenhuiskrans in 'n klein skuitjie wat maar net so agt man kon vat. Die naarheid het eers die volgende oggend opgeklaar.

Toe weer as grootmens in Durban. Hierdie keer het hulle my uiteindelik omgepraat deur te vertel dat groter bote nie so baie skommel in drie rigtings gelyk nie. Dis was nogal heel lekker terwyl die boot gevaar het. Maar toe gaan parkeer hulle mos die ding daar in die diep deinings. Die oomblik toe hy gaan stil lê, is toe net die tyd wat my kop se giroskoop onklaar raak.

Ek vomeer my skoon van balans af. Steier soos 'n dronk ou daar rond. Ek weet steeds nie hoekom hulle dit vomeer noem nie want 'n mens se binnegoed raak dan al hoe minder. Al staar ek ook al stokstyf stip vir die horison, dit help net mooi niks.

Verder hou ek my lyf trapsuutjies en wys hoe vinnig 'n mens van kleur kan verander. Eers bloedrooi van die gebulk, toe bleekgroen en daarna deurskynend wit. Ag nee wat julle, vergeet maar van pleistertjies agter die oor, gemmerbier, allerhande pilletjies en magnetiese armbande. As daai boot eers begin besluiteloos raak oor rigting, dan begin daar 'n naarheid wat van diep binne my opstoot soos 'n vulkaan. Een met baie lawa. Wanneer die boot op en af en vorentoe en agtertoe en dan nog skuins na die kante toe ook begin wieg, dan staan die visse nader vir brekfis.

Maar nou verseker hulle my weer eens, dié keer is die boot darem baie groter as die vorige twee. Word daar vir my ook vertel van dinge soos stabiliseerders en die goeie vordering van die mediese wetenskap. Mense word blykbaar nie meer seesiek nie.

Kom ons hoop en vertrou ek kan dié keer terugrapporteer dit was waar. Dis vir ons twee die verwesenliking van 'n lewenslange droom, nog een om af te merk op ons emmerlys. Ek moet sê, ons het nogal 'n goeie duik in hom gemaak. Hopelik as ons hom eendag skop, is hy leeg.

Leeg, soos my maag op die oop see.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Die taal wat ons praat

Ons kan sê dat die landelike verlede van ons Afrikaanssprekendes miskien nêrens so duidelik vasgelê is as in die haas oneindige voorraad idiomatiese vergelykings met 'n plattelandse agtergrond wat in die spreektaal bestaan of tot betreklik onlangs nog bestaan het nie.

Dink maar aan:

'n Plooigesig soos 'n mofskaap

Knypknieë soos 'n grooteier-koei

Wye neusgate soos 'n flou perd

Groot ore soos 'n bakoond

Wegstaan-voortande soos 'n stalvurk

Hol toonnaels soos 'n soplepel

Hol wange soos 'n toegeslane brood

Skurwe pote soos 'n vleipatat

Kort en dik soos 'n petrolblik

Afdraandgesig soos 'n wasklip.

... en duisende ander.

Ons hoef nie eens te wonder hoe sulke uitdrukkings ontstaan het nie. En die betekenisse lê voor die hand. Uit die milieu van die boereplase het 'n idiomeskat uniek aan Afrika in 'n Germaanse taal ontwikkel, waarvan sekere reste bes moontlik behoue kan bly lank nadat die rekenaar ons wêreld in 'n digitale doolhof verander het.

Kyk waar jy die prys plak!

Verveeld by die werk?

Al wat jy nodig het, is 'n potlood, 'n vel papier, 'n dooie vlieg op jou vensterbank en verbeelding.

Die grootste voordeel as jy die WAARHEID praat is dat jy maklik kan onthou PRESIES wat jy gesê het.

Lief vir mamma

Op 6 jaar: "Mamma, ek is lief vir jou."

Op 10 jaar: "Mamma, wat ook al."

Op 16 jaar: "My ma is so irriterend!"

Op 18 jaar: "Ek wil wegkom uit hierdie huis."

Op 25 jaar: "Ma, jy was reg."

Op 30 jaar: "Ek wil vir my ma gaan kuier."

Op 50 jaar: "Ek wil nie my ma verloor nie."

Op 70 jaar: "Ek sal enigiets gee om weer saam met my ma te wees."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

GUNSIE

Die man ry bus op pad na sy werk toe. By een van die haltes klim 'n vrou op en kom sit langs hom.
Sy het nie 'n tand in die mond nie.
Sy haal 'n appel uit haar sak en begin dit blink vryf.
Toe die appel mooi blink, hou sy dit na die man uit en sê:
"Oubaas, *start* hom net vir my, asseblief."

KERSVADER OP PAD
Iewers in Suid-Afrika gesien op 24 Desember.

AMPER DEUR!

Die studente in 'n Vrystaatse koshuis het maaggriep, en die toiletpapier is op.
Die primarius bel die administrasie: "Julle moet toiletpapier stuur. Hier is 'n maagvirus, en ons het ons laaste rol al tien uur gelede opgebruik."
Administrasie: "En wat het julle daarna gedoen?"
Primarius: "Ons het bladsye uit die telefoongids geskeur. Maar ons is nou op die laaste een, en ons trek al by Zastron."

VROEG AFGESE

Die tante sien hoe die oom uit die motor sukkel om te kom toenadering soek. By die voordeur:
"Nig, ek kom om 'n voorstel te maak."
Sy: "Watse voorstel? Jy kan nie eens jou agterstel uit die kar kry nie."

NUWE TESTAMENT

Ná 40 jaar se mislike getroude lewe het die man na sy prokureur gegaan om sy testament te verander.
"Ek laat alles aan my vrou na, op voorwaarde dat sy binne drie maande ná my dood weer trou," sê hy aan die prokureur.
"Nou hoekom wil jy só iets doen?" vra die prokureur.
"Ek wil hê minstens een mens moet jammer wees dat ek dood is."

TROURAAD

Piet vra sy getroude vriend, Koos: "Hoe sal ek weet wanneer die tyd vir trou reg is?"
Koos: "Jy sal eendag wakker word, na die kalender kyk en besluit vandag is die dag."
Piet: "En wat doen ek dan?"
Koos: "Verbrand jou kalender."

NUWE BURE

Maryna was die dorp se skinderbek, en daar het nuwe bure ingetrek. Sy het hulle elke dag deur haar kombuisvenster dopgehou.
Ná 'n paar weke sê sy aan haar man, Christo:
"Weet jy, ons nuwe bure is mal oor mekaar. Weet jy hy omhels haar en gee haar 'n langs soen elke keer as hy tuiskom? En as hy soggens werk toe ry, blaas hy altyd vir haar 'n soentjie. Hoekom doen jy nooit so iets nie?"
Christo: "Is jy simpel? Ek ken die vrou dan skaars!"

'n Intelligente vrou is een wat seker maak dat sy so baie geld uitgee dat haar man nie 'n ander vrou kan bekostig nie.

BC – deur Mastroianni en Hart

Maar hulle is ANDERS! Lees maar met DEERNIS!

Ingestuur deur LAMMIE

Anders as 'n man, kan 'n vrou stofsuig, televisie kyk en praat tegelyk.

Mans en vroue praat anders.

Vroue praat nie net meer woorde as mans nie, maar die woorde wat hulle gebruik, beteken nie dieselfde nie, al word hulle eenders geskryf. Kyk na die volgende voorbeelde:

***5 minute*:** Vir 'n man beteken dit 60 sekondes, vyf keer na mekaar.
Maar vir jou kan dit enigiets tussen 10 minute en 'n ewigheid beteken!
Niks: Teen hierdie tyd behoort jy te weet dat niks vir 'n man presies niks beteken nie. Maar vir jou kan hierdie vierletterwoordjie so gelaai wees met betekenis dat selfs jy sal sukkel om dit te verstaan.

***'n Sug*:** As jou man sug, beteken dit alles is lekker. Aaa... Lekker... As jy sug, wel, is niks volgens jou lekker nie! Of jy's moeg gewag, jy dink jou man is dom, jy wens jou lewe was anders... Of enige van die duisende ander boodskappe wat jy met een enkele sug probeer weergee.

***Gaan aan*:** 'n Man bedoel dit hoflik. Gaan aan met waarmee jy besig was, sê wat jy besig was om te sê, loop voor. Enige man met goeie maniere sê dit gereeld. Maar as jý sê *'gaan aan'* moet wie ook al onmiddellik met wat ook al stop! Of . . . !

Jy sien, 'n man word gebore met die minimum vereiste hardeware. Maar jy kry sommer baie ekstra RAM. Daarom het woorde vir jou meer as een betekenis en kan jy nooit (behalwe as daar niks fout is nie!) in een of twee woorde antwoord of verduidelik nie. Jy het immers 20 000 woorde per dag om te gebruik!

Mans, weer, gebruik hulle 10 000 woorde spaarsamig. As jy hom vra hoe was sy dag, sal lekker vir hom 'n aanvaarbare, volledige antwoord wees. Maar as hy vra hoe was jou dag, sal jy elke oomblik se gebeure herleef en 'n verkorte weergawe in net onder 'n uur kan gee.

In navorsing wat met kleuters gedoen is wat speel, is iets interessants bevind. Die dogtertjies hou nooit op met praat nie, selfs al is hulle alleen. En net 50% van wat seuntjies sê, was verstaanbaar! Brrrrmmm, doef,bam-bam, ra-ta-ta-ta-ta-ta-ta... jy kry die prentjie.

Mans en vroue luister anders

Jy weet nou al van die boksies in sy brein. Om te verstaan hoe mans luister, moet jy aan 'n ouerige rekenaar dink. As hy besig is om te lees en jy begin met hom praat, moet hy eers sy leesprogram toemaak. En dit vat 'n rukkie.

Dan moet hy sy luisterprogram oopmaak. Maar teen daardie tyd trek jy al 'n paar gedagtes verder en het hy heeltemal die draad verloor. Dan sit hy met n enorme dekoderingsprobleem en moet hy *reboot* voordat hy enigiets verder kan doen.

Waarskynlik staan jy nou ook al te ver weg vir hom om ordentlik te hoor. Want anders as hy, kan jy stofsuig, televisie kyk en praat tegelyk. Hy kan nie. Dit is hoekom mans baie keer uitblink in wat hulle doen, hulle kan fokus. Sonder dat enigiets hulle aandag aftrek!

Mark vertel dat wanneer hy vroue vra om die perfekte man te beskryf, hulle eintlik hulle beste vriendin beskryf. Dit is dalk tyd dat jy besef jou man is nie 'n vrou nie. Maar 'n os. Wat mis.

Maar wat jou ook beskerm, koester, bemin en soms help om skoon te maak waar hy gemors het... nadat jy hom minstens vyf keer gevra het. Want onthou, die eerste paar kere beland dalk in die niks-boks!

Moenie kwaad word oor julle verskille nie. Omhels dit en bewonder die unieke maniere waarop God mans en vroue gemaak het. Daar is 'n plan daarmee.

En hou op om oor "NIKS" te baklei!



MAKERIEPAS!

Stories uit die Weermag

Iemand bollie op die RSM se paradegrond

Soos vertel aan Herman

Hierdie storie is as die waarheid vertel aan Hermann. Of dit nou werklik so was of nie, sal ek nie nou kan sê nie. Dit bly ' goeie storie en daarom plaas ek hom.

By baie van die stories vertel ek maar vir die mense wat nie weet nie hoe die dinge in die weermag gewerk het.

Nou 'n RSM is nou eindelik 'n Regiment-sersantmajoor. Hulle het gewoonlik sulke wilde, woeste snorre gehad. Een van die RSM se take was parades en die paradegrond. Mens kan maar sê dat die paradegrond aan die RSM behoort het.

Die mense wat al weermagparades gesien het, sal onthou dat daar altyd 'n klein man met 'n wilde snor en 'n vreeslike harde stem was wat bevele geskree het. Nou daardie man is die RSM.

Hier volg die storie soos vertel aan Hermann:

Een Sondagoggend vroeg op Okahandja slaap die troepe rustig. Dit is Sondag en hulle hoef nie vroeg op te staan nie. So teen 06:30 hoor hulle die RSM skree, hy skree die hele omgewing wakker. Soos die manne weet, die RSM's kán skree, want hulle het die stemme daarvoor gehad.

Maar die oggend weet die troepe hier is iets groot fout, want die RSM se stem is so 'n trappie hoër as gewoonlik.

Die manne besef hulle moet flippen vinnig op die paradegrond aantree. Hier gebruik ek maar gewone taal, maar die meeste manne wat in die weermag was sal presies weet wat ek hier met "flippen" probeer sê.

Almal hardloop na die paradegrond net soos hulle is. Hulle is half deur die slaap en mens kan dit sien aan hulle kleredrag. Party staan in onderbroeke, ander in LO-broeke, in hulle Jockeys en hul Santa Marias. (Santa Marias is sulke vreeslike groot 100 jaar terug se bruin onderbroeke wat ons veronderstel was om te dra in die weermag.

Daar staan die manne aangetree, en hulle is ook fllippen verbouereerd.

Die RSM skree terwyl hy so na iets op die grond wys.

"TROEPE . . . WIE HET OP MY PARADEGROND . . . GE-K*K?!"

Party van die troepe wil hulle natuurlik breek, ander is verskrik oor die woede, ander staan maar net, maar almal gee aandag. Hierdie ou is kwaad genoeg om iemand te vermoor. En wie gaan nou ooit erken dis hy? Nie voor so 'n aanslag nie!

Toe die stilte nou te erg op party se senuwees werk, gaan een so 'n vaal seun se handjie bewerig op.

"Sammajoor, was dit nie dalk 'n hond nie . . .?"

Toe wil party manne flou raak so lag hulle, maar sonder 'n geluid.

Die RSM, wit van woede :

"TROEP! . . . EN SÊ VIRMY . . . VAN WANNEER AF . . . GEBRUIK 'N HOND . . . K*KPAPIER?!"

Die verteller van hierdie storie sê hy self kon dit nie meer hou nie. Hy het eenvoudig so gelag dat hy toe maar die straf-PT gevat het.

Straf-PT (Physical Training) was 'n goeie manier van straf wat die weermag suksesvol gebruik het as hulle nie die skuldige kon kry nie, want dan het die hele groep saam straf PT gedoen.

Ek hoop net dat die persoon wat dit gedoen het, wil my eendag kontak. Ek sal graag sy kant van die storie wil hoor.

Prokureurs glo 'n man is onskuldig totdat hy bankrot is.
~ Robin Hall

Briefwisseling met Kersvader

Liewe Kersvader,
Hoe gaan dit met Oom? En met Tannie Krismis? Ek hoop al die takbokke en die Elwe is ook almal gesond.
Soos u seker weet, was ek die jaar 'n baie soet seun. Ek sal asseblief 'n X-Box 360 met Grensvegter klaar gelaai, en 'n nuwe Apple IPhone 5 wil ontvang vir Kersfees.
Groete en 'n Geseënde Kersfees,
Bennie Botha

Liewe Bennie,
Dankie vir jou mooi briefie. Die tannie, die takbokke en al my helpertjies is almal blakend gesond en hulle laat weet dankie dat jy uitvra na hulle. Kersvader is egter bekommerd dat jy te veel tyd spandeer met videospeletjies en selfoontekse stuur. Jy is juis besig om bietjie lywig te raak weens te min oefening. Daarom, en omdat jy so soet was, dink ek dat ek liewer vir jou ietsie gaan bring waarmee jy buite kan speel en van daai ekstra vetjies ontslae raak.
Geseënde Kersfees,
Kersvader

Geagte Mnr. Kersfees,
Siende dat ek my deel van ons soet teenoor stout kontrak nagekom het, voel ek vol vertroue dat u 'n plan sal maak om my te gun wat my toekom. Ek wil nie graag hierdie feestyd skend en omskep in 'n hofgeding nie. Verder dink ek dis bietjie vermetel om te verwys na my gewig, veral komende van 'n oorgewig man wat maar een keer per jaar buite kom.
Hoogagtend die uwe,
Ben Botha

Meneer Botha,
Hoewel ek toegegee het dat jy jou beter gedra het die jaar, moet ek jou daarop wys dat jou Kerslys slegs 'n versoeklys is en op geen manier 'n waarborg is dat dienste gelewer sal word nie. Dis egter jou volle reg om wetlike stappe te neem, maar neem kennis dat ek en my prokureurs al suksesvol sake doen sedert Dierebeskerming my aangevat het oor die werkslas van my takbokke. Ek is dus meer as gewillig om jou aan te vat in die hof. Verder wil ek ook net byvoeg dat die oefening wat ek voorskryf, nie net jou gesondheid sal verbeter nie, maar dit sal jou ook help met jou sosiale interaksie en selfs van daardie klomp puisies op jou gesig laat opklaar.
Die Uwe,
Kersvader

Kyk hier Vettie,
Ek het jou nou klaar laat weet wat ek wil hê en ek verwag dat jy dit vir my gaan bring. Ek was maar net beleefd. Maar nou, omdat jy my in die gesig vat en my vriende ook nog bysleep, gaan ek hulle juis teks en ons gaan vir jou met jou dikgat inwag en ek gaan VAT uit daai sak van jou NET WAT EK WIL!
Breker Botha

Luister Pizzagevreet,
Is jy gerook? Dink jy 'n ou wat by ELKE huis in die wêreld inbreek in een nag, sonder om gevang te word, gaan skrik vir 'n snotneus soos jy? Ek weet wanneer jy slaap en ek weet wanneer jy wakker is, jou klein stront. Besef jy hoeveel kontakte ek het, my pel? Ek is bedraad, ou maat! Op my rondtes sien ek siek goed. Ek het maniere om jou te laat bloei waar mens nie wil bloei nie. As ek jou moet vertel, skiet jy net daar 'n kat op jou ma se duur persiese mat. Wees verseker jy gaan nie kry wat jy voor gevra het nie, maar ek gaan steeds opdaag en dan kan ons bietjie jou pyndrumpel toets.
KV

Liewe Kersvader,
Bring vir my net wat jy wil, ek sal ENIGE IETS waardeer!
Bennietjie

Bennie,
Ek het so gedink jou klein pes.
Kersvader.

Duskantlander in Anderkantland

Tristan de Cunha: Die lollery om 'n huis te bou

Deur GERARD DE JONG

Aanvanklik het dit goed gegaan op Tristan da Cunha. Daar het heelwat skepe verby gevaar en hulle kon handeldryf. Geld het hulle nie geken nie. Maar met die koms van stoomskepe het die skepe nie meer by Tristan aangedoen nie.

Tans is daar is heelwat beeste en skape op die eiland. Wol word verwerk en wolprodukte word vervaardig. Daar word ook heelwat aartappels geplant. Die eiland se grootste inkomste is tans die visbedryf. In die ou dae het hulle ook elke jaar so 'n duisend of wat robbe oor die kop gemoker en die velle en olie veruil.

Gedurende 1961 het ellende die mense op Tristan getref. Die vulkaan op die eiland het weer aktief geword en die Britse regering het die mense daar ontruim. Terug in Engeland, praat hulle 'n Engels wat 150 jaar laas daar gehoor is.

Die mense weet nie wat geld is nie, en nog minder van 'n 8 tot 5 werksdag. Min mense kon daar aanpas. Later het die vulkaan op Tristan bedaar. 'n Verkiesing is gehou, en die meeste mense het verkies om terug te gaan na Tristan. So het hulle toe weer daar beland en met hul eilandlewe voortgegaan.

Die probleem was nou die strand vanwaar hulle hul vissersbote kon uitstuur na die see. Dié was nie meer daar nie, net klipharde, vulkaniese kranse. Die Britse regering het toe geld belê deur die bou van 'n klein hawe en 'n visverwerkingsfabriek. Van toe af was geld deel van die eiland. Britse pond en SA rand word aanvaar.

In die ou dae van Tristan sou 'n jong man nie sommer 'n meisie uitvra nie. Die meisie was seker sy niggie of kleinniggie, want almal is mos familie van mekaar op Tristan. Hy sou haar vra om vir hom 'n paar kouse te brei. As sy sou inwillig, dan het hy 'n meisie. Die kouse was knielengte, met 'n paar gekleurde ringe boaan. Daar word vertel die aantal gekleurde ringe was 'n aanduiding van hoeveel die meisie van haar vriend gehou het.

Een van die oorspronklike huisies wat op Tristan gerestoureer word.

Dit sou die begin van 'n huwelik aandui. Maar op Tristan kon 'n man nie trou as jy nie 'n huis het nie. So 'n jong man moes eers 'n huis bou. Daar was heelwat gewillige hande wat kon help, maar as hulle help, moes jy hulle van kos voorsien, want geld was daar nie, en kos was skaars. So kon die mure gebou word van vulkaniese klippe. Die probleem was die dak. Daarvoor het 'n man reguit hout nodig. Die bome hier op die eilande groei so krom soos 'n hoepel. Die hout is sag en nie geskik vir dakmateriaal nie. Die mense het staatgemaak op skeepswrakke vir hout. Dit is nou die ou houtskepe wat van tyd tot tyd daar op die rotse beland het. Daar word vertel dat menige jong meisie baie aande gebid het vir 'n skeepswrak sodat die huis kon klaarkom.

►**Lees meer van Tristan by www.tristandc.com**

ANNERLIKE GESKIEDENIS

* Die Egiptenare was 'n hoogs gekulde volk en sonder hulle sou ons nie 'n geskiedenis gehad het nie. Hulle het omtrent al die kafees in Egipte gehad. My ma sê hulle het baie mites gehad wat seker in die kombuis gewerk het.
* Johanna van Arkel het van 'n stapel brandwonde gesterf. Hulle het haar met 'n blaasbalk aan die brand gepomp, tot haar hare afro geraak het van skrik.

POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Koreane het hom laat verslank

Gerrie Scholtz:

Dankie vir al jou moeite met **Kammanuus**, ek kan gewoonlik nie wag dat die volgende uitgawe uitkom nie.

Ek het in Korea gewerk as 'n Engels-taalinstrukteur, en by een van die Universiteite in Cheonju was daar 'n baie aangename en vriendelike jong Koreaanse assistent wie se Engelse taalkunde nogal glad nie sleg was nie, en ons het gou goeie vriende geword.

Die Koreane maak maklik vriende, en bly ook baie lojaal in meeste gevalle. Die probleem met sy Engels was sy uitspraak wat baie duikklop-werk nodig gehad het. Dit was moeilik om sy goed geformuleerde Engelse sinne as Engels te herken.

Die Koreane vind dit moeilik om 'n F uit te spreek en vervang dit sonder seremonie of 'n slegte gewete met 'n B of 'n P. So byvoorbeeld ry jy nie 'n Volvo-kar na die Fanfair toe nie, maar 'n Bolbo na die Panpair.

Ook is dit vir die Koreane moeilik om twee medeklinkers na mekaar baas te raak. Hulle gly gerieflik in mekaar in en bly salig en gelukkig saam vir die res van hulle lewe. So byvoorbeeld sal 'n van soos Metcalf gerieflik sommer Mekaap word.

Dit gaan as 'n reël darem nie te sleg nie, want mens raak dit gewoond en ontsyfer naderhand die gesproke woorde sonder dat jy dit agterkom. Dis alles goed en wel, maar soms kan dit 'n bietjie persoonlik raak, soos deur die volgende insident geïllustreer word:

Ekself is geseën met 'n redelike reserwe semipermanente nood voedselvoorraad wat ek oor jare opgebou het teen aansienlike koste, en dra dit op 'n gereedheidsgrondslag saam met my, strategies geplaas in die omgewing van my naeltjie, sodat almal dit kan sien en my kan beny. Maar dit lei ook soms tot verleentheid want hierdie einste Koreaanse vriendjie met sy humorsin en vriendelike glimlaggie kyk my eendag so deur en wil vir my sê "You look like a football". Maar dit kom toe uit as "You look like a poebol".
Dis toe dat ek besluit het om op 'n dieet te gaan.

Hedendaagse Jona

Ando Swanepoel:

Dankie vir al jou nuusbriewe van verlede jaar! Hulle was almal baie welkom en lekker leesstof.

Ek hoor jy gaan met die "Queen" rondseil. Ek klim nie maklik weer op 'n boot nie: Gekaap op die Achille Lauro in die Middelandse See. Weer op hom twee jaar later ná 'n brand aan boord.
Weer op hom toe ons van Mauritius na die Sychelle toe wou seil; Sychelle in 'n staatsgreep; draai om terug Duban toe en ry drie dae lank terug pleks van een en 'n half. Gelukkig sink hy toe voor ek weer op hom klim.
Ek vaar op die Oceanos. Raai wat? Hy sink halfpad deur die reis!
Ek hoop julle geniet dit, en stuur fotos !
Mooi jaar vir jou en jou kamermaat.

Hennie antwoord:

Ek neem aan jy was vroegoggend wakker en het na RSG geluister? Ek het nou lekker geekkel toe ek jou e-pos lees. Ek sou al na die eerste probeerslag opgegee het!
Maar lyk my jy wou deeglik seker maak jy is 'n Jona. Jy kan in hierdie Kammanuus lees hoekom ek so lank getalm het om seevaardig te raak. Kom ons hoop maar die seerowers lê dié keer laag!

ANNERLIKE GESKIEDENIS

* Die grootste skrywer van die Renaissance was William Shakespeare. Hy is in die jaar 1564 gebore en die geskiedkundige mense dink dit was op sy verjaardag. Hy het nooit geld gemaak nie, en is net beroemd oor die toneelstukke wat hy geskryf het. Hy het tragedies, komedies en historektomie. geskryf. *Romeo and Juliet* is een voorbeeld.

* Nog 'n belangrike uitvindsel was die bloedsomloop. Dit het verhoed dat jou bloed stilstaan, wat stilstuipe veroorsaak.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

OORSPRONKLIKE RESEPTE #1

Ná al die Kers- en Nuwejaar baldadigheid, kom ons maak iets lekkers vir die kinders se kosblikke!

GEELWORTEL-LEKKERS

3 ½ k suiker
2 k gerasperde jong wortels
1 k water
1 ½ k klapper
1 e hoogvol botter
1 t fyn gemmer

Kook suiker, wortels, water en gemmer saam vir ongeveer 20 minute. Toets dit tot dit in vlokkies van die houtlepel afval. Verwyder van stoof. Roer die klapper in en roer tot amper koud. Roer laastens die botter in tot ingesmelt. Gooi uit in 'n vlak gesmeerde pan en sny in blokkies wanneer heeltemal afgekoel.

APIEBOTTER-FUDGE

500 g suiker
105 g fyn grondboontjiebotter
150 ml melk
knypie sout
Smeer vierkantige oondplaat van 15 x 15 x 2 cm. Gooi alle bestanddele in swaarboomkastrol.
Roer aanhoudend oor matige hitte met houtlepel tot suiker gesmelt.
Bring tot kookpunt.
Kook vir 5 minute vinnig, maar hou op met roer sodra begin kook.
Haal af van hitte en klits tot mengsel verdik (word gou styf).
Gooi in pan en laat afkoel. Sny met dun skerp mes.
(As fudge in pot gestol het, gooi bietjie melk by, verhit weer en gooi gou uit in pan).

STAMBOOM

ACKERMANN ina.roux@telkomsa.net
Ek soek meer inligting oor die stamlyn van Thomas Ludwich, gebore in Hamburg 01.05.1790),seun van Rudolph Heinrich Ackermann se 1ste seun Rudolph Hendrik (17.04.1816) se 4de kind Rudolph Hendrik (03.03.1847) se 6de kind Stephanus Johannes (05.09.1885). Dit was my Oupa. Ek soek alle inligting aangaande sy 1ste vrou (Getruida) (Geboortedatum, datum getroud, datum geskei, weer getroud ens.

CILLIERS 0786428763@mtnloaded.co.za
Ek soek die Wes-Kaap se Cilliers.

COETZEE jacojcoetzee@webmail.co.za
My pa het grootgeword op Bethulie ,sy name is Jakobus Jurgens, sy noemnaam is Kobus. Sy pa se name is Jakobus Johannes (oorlede 23 Mei 1977) en hy was getroud met Catherina. Hulle het 5 kinders gehad, my pa, 'n broer Japie, nog 'n broer. Ons dink ook Johan en twee susters, een se naam is Susan, weet nie die ander. Enige inligting sal help!

DE WINNAAR anita.visser@absamail.co.za
Voorvader Carl Stephanus Albertus de Winnaar.

ENGELBRECHT johanna.engelbrecht@bcx.co.za
Barend Jacobus en Floris Jacobus.

PRINSLOO : ronelh@webmail.co.za
Johan Hendrik Prinsloo is my oupa. Ek wil terug gaan en 'n stamboom begin> Hy was gebore in 1919 en was met Nellie Petronella C A Oosthuizen getroud.

VISSER anita.visser@absamail.co.za
Soek na Vissers van Lydenburg. C.D.H. Visser en H.J. Visser My pa, C.D.H. Visser, is daar gebore. Sal dit baie waardeer om meer inligting rakende voorvaders te bekom.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Sien, hettie perd ons mos sleg innie skanne loop staane versteek, soveel so lat ons skoon innie hôrsboks loop staane wegkruip het tot duskant skemer die aand."

Deur ANDRÉ DIPPENAAR

[Hierie een "geleen" by Piet Krüger, maar nettie waarheid ontkoppel]

Gaan kyk ek en oorle oompie Doors voetbôl in Loeriesfontein. Loeries-fontein teen Klawer, dink ek was die hoofwedstryd. Nog daar oppie ou veld, naby oorle oom Aap Visser se huis. Grondveld, nikse grassie en g'n beduidenis vanne koelteboompie nie. Pawiljoentjie spoel oorie kante van volgeid. Kry onsie sitplekkie.

So sit ons spulletjie sommer plat oppie grond oppe stuk seil voorie mouters langsie kantlyn. Oompie, oorle oom Kowie O'Kennedy, oorle oom Jannie Losper, ekselwers en nogge paar voetbôl kenners. Eet ons kerrie en rys wattie ACVV se anties daar loop staane verkoop het.

Vattie manne so danne wan ietsie. Net virrie wis en onwistigheid. Om wedstryd fiks en by te bly. Man weet mos nooit of daar perdalks ekstra tyd gespeel gaan wôre nie.

"Doorsman," sweet oom Kowie oorie bakkie kerrie se rant, "een vannie anties se kerriehand was wragtag swaarder assie weer nourie dag daar na Klein Rooiberg se kant toe. Kan jy maar ys bygooi, koel kry jy die blêrrie spul nie afgekoel nie. Lyk skoon offie rys loop staane smelt onnerie warm kerrie! Warmer assie hekpale vannie hel self!"

Loop staane probeer die ou die geel vuur doodgooi mette paar slukke 'Mellowood' Niks gemaakie. Brandblus die ourie vuur mette bier. Puur verniet!

"Kowie ou swaer," traan Oompie self half oopbek na Kowie se kant toe, "stry stry ons twee mos maklik en saamstem staane skeep ons ook maar meer as dikwels af, maar hierie slag wil ek jou amper narie helfte vannie lyndraad se kant af tegemoet hol. Die spulletjie hette byt, maarie nábyrie Natalse kerriefamilie nie"

"Daai slag wat ek en oorle Gert Pond met ons "Fannerflêsj" perd Joelaai toe was, jy weet mos, toerie blêrrie perd onse wedgeld oppie baan loop staane uitwei het, daai einste tyd loop staane koop ek en Gert vir ons wragtag 'n tweede keer vas. Eers aanie perd en toe aanie kêrrie!"

"Sien, hettie perd ons mos sleg innie skanne loop staane versteek, soveel so lat ons skoon innie hôrsboks loop staane wegkruip het tot duskant skemer die aand. Toe't daarie meere siel byrie reiskoers lewe wysie, sluip ons mettie Valiant, sommer sonner hôrsboks en perd, byrie hekke uit. Terug huis toe!"

"Ou Swaerie, daai dag hettie perd my 'n groter verleentheid loop staane toedien assie dag wat oorle oupa Hennerik vir my en ant Wiesie Smit se meisiekind, Marie Mensmerrie, agterie kafhoop loop staane oorval het. Kaalgat, sonnere draad klere vangie oukêrel ons mos. Al wat ons tweetjies aangehad het, was strooihalms en kafstoppels!"

"Ewentwel, so loop vat onsie pad huis toe en daar by 'n plek mettie naam van *"n Man se Tôtie'*, knap weg uit Durban uit, loop staane koop ek en Gert vir ons ietsie virrie pad. By 'n Indiaanse kêffietjie. Kerrie en rys en man-man 'n punt melk. Sommer op pad kar toe,toe beginne tel ons alle sweet op. Net vannie *takeaways* se dra ennie stoom se snuif!"

"En so loop trek ons by 'n sementtafeltjie vannie pad af om sommer innie ligte vannie Valiant te eet. Haal ek vir onsie bakkies kerrie en rys uitie plêstieksakkie en dekkie tafel. Sukkel Gert Pond nog om sy bakkie se dekseltjie los te woel toe ekkie eerste stukkie hoener inkry. Het daai eerste happie noggie eers by my kleintongetjie verby geglippie, toe loop staane hol twee strome trane oor my wange."

"Is daai tyd lat Gert opkyk en vra, 'En vir wat loop sitte tjank jy dan nou so droewelik, issit oorie perd?', wat ek loop staane besluit ek sallie wetterie waarsku teenie Indiaanse vagevuurie. Sê ek sommer dis oorlat dit my mos nou loop staane byval lat ouma Jaatjie presies vandag sewe jaar terug loop staane afsterwe het, lat ekkie bewoëensbevlieging loop staane kry het."

Oompie vertel lat teen daai tyd het ou Gert Pond darem al self die dekseltjie van sy porsie afgewroeg en met díe wat hy nou loop staane agter raak het mettie etery, lat hy van pure oorhaastigeid amperie heel hoenerboudjie met een hap vannie been afstroop en met net twee kort stukkies kou innie slukderm loop staane afstoot.

"Selle storie, daai hoener het noggie eers mettie slukderm se sappe behoorlik loop staane handskuttie, toe lyk Gert Pond soose kind watte kinkhoes aanval loop staane kry het. Loopie snot en trane in ewe sterk strome oorie ou se bolip en wange."

Vra Oompie glo ewe vroom, "En neef Gert, waaroor huil jy dan nou so skielik?' Weet Gert kop te hou en grommie ou glo net daar oppie plek vir Oompie, "Doors, jou dônner, ek huil oorlat jy nie saam met jou verdomde ouma Jaatjie loop staane vrek hettie!"

"Intussen, ou Swaerie, hettie jokkie, Moos Geduld, ookie agter gebly nie. Is hy teen daai tyd al amper vier slukke kerrie sterk. Staanie stomme kêrel met sulke stokstywe oë, oopbek, windop en blase blaas wylie ou iets probeer sê. Klink al vir my soose koei wat mette sementsak oorie kop traai bulk!"

"Ou Kowie, daai kerrie het ons met als geprobeer kalmeer wat onsie hanne kon oplê, behalwe die botteltjie *brakefluid* wat agter innie Valiant se katbakkies was".

"Eers verdedig ons onsself teenie Indiaanse aanslag mettie melk. Toe loop gooi ons van my voetpoeier op onse tonge. Die jokkie probeer tot vannie Dubin, wat ons virrie perd se halter saamgevat het, oppie tong smeer. Later suip onsie gellingkannetjie water, wat sou moes keer lattie Valiant, soosie kerrie, nie laansie pad moet loop staane oorverhittie, op. Niks gemaakie. Dis so goed jy loop staane neuk pêrefien oore oop vuur. Voel later skoon of daai behandelings nettie kerrie nog meerie moer in loop staane maak het!"

Vertel Oompie lattie een van hulle daai kerrieporsies halfpad kon baasrakie. Sou glo makliker gewees het omme duik inne kasteroliedrol te maak as omme kwart van daai dis in te kry!

Alles drom toe en dis lat hulle daar wegtrek en hy omkyk, lat hy kon sweer lattie vullisdrom dofweg vannie warm kerrie begin gloei het.
Gert Pond weet te vertel dissie briekligte wat Oompie gesien het, maar Oompie is standvastig – hysie man wat omgekyk het, nie Gertie.
So is hulle daar weg, die nag in.

"Ry ons met ons koppe byrie vensters uit, oopbek, windop. Helpit darem so effe, maar kla Moos byrie venster agter my lat hy nie kan sienie. Brand sy oë glo te veel van my kerriespoeg wat so terugwaai. En dis eers wat ons Williston loop staane inry, lat ons weer ordentlik met mekaar kon praat en ons eie spoeg afgesluk kon kry. Ook net so bietjies, bietjies, want toe herrit nogsteeds so 'n effense Tôti hittetjie in!"

"En dis mos net wat ek loop staane oorgerus raak, lattie tweede reeks Natalse kerriehittegolf my tref. Skrou ek vir Gert doer annie bopunt van Van Rhynspas lat hy moet aftrek wantie Indiane is besig mette oorlogsdans offe ding hier in my pens."

Hol ekkie bosse in. Maakit net-net. Moet ek maar ronborstiglik erken, daai tweede brand was nie erg soosie eerste eenie, maar so aanhóúdend! Drie dae lank!"

"Sit ek hotagter innie Valiant met my kaal stêre byrie venster uit – wind op – totlat die bordjie sê 'Van Rhynsdorp 5' en ná Van Rhynsdorp tot ons by Bitterfontein afdraai. Toe mos ek nog twee dae lank so danne wan die vuur innie kloof mette klam waslap traai doodslaan!"

►André was 'n gereelde bydraer tot Kammanuus voordat hy in April 2011 oorlede is. Hierdie storie word tot sy nagedagtenis herhaal.)

Die volgende KAMMANUUS is op 28 Januarie.
(of dalk 'n dag of twee later as Hennie sukkel om van sy seesiektes te herstel.)